



## Anansi en Aasvoël

Ghanaian folktale  
Afrikaans

Anansi die spinnekop en Haas was baie goeie vriende. Hulle het in 'n vreedsame dorpie in die berge gewoon.

Haas het 'n groot plaas besit. Daar was baie groente en vrugte op die plaas.

Alhoewel Haas altyd baie vrygewig en mededeelsaam met sy vriend was, was Anansi ongelukkig en jaloers op Haas.





Anansi het toe 'n slim plan uitgedink om Haas se plaas oor te neem.

Kort daarna was Haas arm en huisloos. Anansi was die trotste eienaar van Haas se land, groente en vrugte.

Anansi het mark toe gegaan om sy vrugte en groente te verkoop.

Hy het soveel geld gemaak dat hy 'n groot mandjie daarmee kon vul!

Hy het 'n bietjie van die geld gebruik om mielies vir sy familie te koop. Hy het die mielies bo op die geld in die mandjie gesit.





Anansi het baie tevrede en in sang huis toe gegaan met die mandjie op sy kop.

Hy was besig om te dink oor al die dinge wat hy kon koop met sy geld.

Oppad huistoe, het dit saggies begin reën. Die motreën het spoedig verander na swaer reën.

Anansi het sy mandjie aan die kant van die pad gelos om onder 'n boom skuiling te soek.

Hy het sy kosbare mandjie fyn dopgehou van sy skuiling af.





Dit het al hoe swaarder begin reën. Anansi het begin om koud te kry en nat te word. Hy het in 'n gat ingehardloop vir skuiling.

"Ek sal in hierdie gat bly tot die reën stop" het Anansi vir homself gesê. "Teminste is my geld beskerm deur die mielies wat ek bo-oor gesit het."

'n Rukkie later was Aasvoël besig om rond te vlieg. Hy het die mandjie aan die kant van die pad gesien.

Hy het gesien dat daar geld en mielies in die mandjie was.

Hy het die mandjie met sy vlerke bedek en gewag vir die reën om op te hou.







Anansi het Aasvorël op sy mandjie sien sit.

"O, dankie my vriend dat jy my mandjie beskerm het," het Anansi gesê.

Aasvoël vra toe: "Het ek jou reg gehoor? Jou mandjie? Hierdie mandjie is myne! Ek het dit aan die kant van die pad gevind!"

Aansi kon nie sy ore glo nie! "Dit is myne! Ek belowe jou!"



Woedende Anansi het die diefstal aan die stamhoof rapporteer. Aasvoël sê toe vir die stamhoof en sy manne: "Hoe kan enige iemand 'n mandjie vol geld en mielies alleen langs die pad los sonder om dit te beskerm?"

"Maar ek was besig om my mandjie dop te hou" het Anansi gesê, "Dit is my geld en my mielies!" Aasvoël antwoord toe: "Dit is nie waar nie! Ek het die mandjie opgepas en toe het jy aangekom en gesê dat dit joune was!"



Nadat die stamhoof en sy manne na beide kante geluister het, het hulle Anansi en Aasvoël weg gestuur.

Hulle het die storie vir 'n lang tydperk bespreek.

Uiteindelik het hulle 'n besluit geneem...



Hulle het Anansi en Aasvoël nader geroep.

"Ons glo Aasvoël se storie" het hulle gesê. "Hy is nie die dief nie. Jy het probeer om iets te eis wat nie joune was nie, Anansi."

Anansi kon nie sy ore glo nie! Hy het in trane uitgebars.



Die nuus het vinnig versprei dat die beoordeeling teen Anansi gemaak is.

Soos Anansi wegstap het hy Haas hoor lag en lag.

Haas het terug na sy plaas toe gegaan en het vrugte en groente gegroei.

Anansi was weer arm en sonder enige vriende nie.


# Anansi en Aasvoël

Writer: Ghanaian folktale

Illustration: Wiehan de Jager

Translated By: Emily Aling and Maxine Fibiger

Language: Afrikaans



Die storie is gebaser op 'n Geniaanse volksverhaal. Die storie is vertaal deur Emily Aling en Maxine Fibiger. Die illustrasies is gedoen deur Wiehan de Jager

© African Storybook Initiative, 2014



This work is licensed under a Creative Commons Attribution  
(CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

**Saide**   
South African Institute  
for Distance Education

[www.africanstorybook.org](http://www.africanstorybook.org)  
A Saide Initiative